No 20 - 2023] Fifth Session, Sixth Parliament

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

===============

# ORDER PAPER

===============

THURSDAY, 24 AUGUST 2023

**HOUSE: 14:15**

**INTERPELLATIONS AND QUESTIONS**

**QUESTIONS TO THE PREMIER WITHOUT NOTICE**

Ms N D Nkondlo
Ms W F Kaizer-Philander
Mr P Marran
Ms C A T Murray
Mr T M Klaas
Mr P T de Villiers
Mr K Brinkhuis

**STATEMENTS BY MEMBERS**

**MOTIONS**

---

**FURTHER BUSINESS**

**NOTICES OF MOTION *(24 August 2023)***

1. Mr F C Christians: That the House debates the negative impact that the recent taxi strike has had on learners in general, and in particular on matric learners and teachers.

2. Ms R Windvogel: That the House debates the rejected motion by subcouncil 18 on Thursday 17 August to have a dignified sheltered area outside the Pelican Park Community Clinic.

3. Mr M Kama: That the House debates the plan to restore the culture and heritage of the Khoisan community.

4. Ms A P Bans: That the House debates bogus City of Cape Town employees who are scamming and robbing residents in Cape Town.

5. Ms N D Nkondlo: That the House debates the increase in carjackers targeting women in Western Cape.

6. Mr M K Sayed: That the House debates the action that the provincial government is taking regarding primary school teachers in Klapmuts sexting little boys.

**NOTICES OF MOTION *(17 August 2023)***

1. Mr G Bosman: That the House commends the Western Cape Government, alongside its partners, including the City of Cape Town, for successfully hosting the Netball World Cup; notes that this historic event marked the first-ever Netball World Cup to be hosted on African soil and will set a precedent for future major events to be hosted in the Western Cape; notes that, to ensure that everybody got a chance to watch the Netball World Cup action, the Department set up a number of viewing centres all across the province: Cape Town, Eden, Central Karoo, Overberg, the Cape Winelands and the West Coast all had multiple viewing centres and they were an extreme success; and further notes that there are hundreds of sporting and cultural events still set to take place in the province throughout the year, all of which will play an important role in nation-building, job creation and economic growth.

2. Mr G Bosman: That the House congratulates both the Western Cape Government and the City of Cape Town after being announced as the hosts for the UCI Mountain Bike World Championships in 2028; notes that we have seen a bumper number of major sporting events hosted in the Mother City in 2023, including the T20 Women's Cricket World Cup, the Netball Quad Series, the Women's Ice Hockey Championship, the Formula E and the Netball World Cup; notes that our province is fast becoming the hub of major sporting activities in the country, which brings an important economic boost to our shores; and notes that large cycling events, such as the Cape Town Cycle Tour and the Cape Epic, continue to be very popular and the addition of the UCI World Championships will boost cycling even more in the province, all while boosting the economy and creating jobs.

3. Mr M I Sileku: That the House condemns the destruction of the Swellendam municipal offices and the looting of shops during violent and unlawful protest action, which saw 106 people being arrested, of whom 19 were minors; notes that, while we respect and acknowledge people's right to protest or to voice their dissatisfaction, this should never happen through the destruction of property or unlawful behaviour, as was the case in Swellendam, which saw the municipal offices being set on fire; notes that, when municipal infrastructure is damaged or destroyed, all residents are affected; notes that, with the assistance of the Department of Local Government, additional firefighting equipment from the City of Cape Town could be redirected to Swellendam, and a provincial task team is being established to see how support can be offered to the Municipality; and further notes that there are currently rumours doing the round that these violent protests were instigated by none other than the ANC and, while these accusations are currently not confirmed, we will be requesting the South African Police Service to investigate these accusations so that those who are responsible can be held accountable.

4. Ms N D Nkondlo: That the House notes the reservations about the Provincial Powers Bill put forth by the Democratic Alliance; notes that this proposed legislation has raised significant concerns among citizens who value the principles of unity and equity; notes that the Bill's potential to undermine the central authority of the national government and to fragment our nation's cohesive policies and programmes is deeply troubling; notes that the granting of substantial powers to provinces could exacerbate disparities and hinder

coordinated efforts to address critical issues, such as healthcare, education and social welfare; notes that the envisioned devolution of authority may jeopardise the progress we have made towards ensuring equal opportunities for all South Africans; notes that, in these challenging times, it is paramount that we prioritise national unity and collaborative governance over measures that might inadvertently divide us; and calls on the DA to reconsider the implications of the Provincial Powers Bill in the light of our collective commitment to a stronger and more united South Africa.

5. Mr M Kama: That the House notes the deeply troubling issue that persists in the Western Cape: the alarming disparity in land ownership and the fact that 72% of the land is owned by white individuals, while merely 1% is owned by black individuals – a stark reminder of the ongoing legacy of injustice that plagues our nation; notes that this chasm in land ownership raises significant concerns about the perpetuation of historical inequalities and the marginalisation of vulnerable communities; notes that we cannot ignore the echoes of apartheid-era policies in these stark statistics, a period when land was systematically taken away from black citizens, reinforcing systemic discrimination; furthermore addresses the disturbing parallels between the Democratic Alliance's policies and those of the apartheid regime; and notes that the adoption of similar tactics, particularly in matters of land ownership, is deeply disheartening and contradicts the spirit of progress and inclusivity that post-apartheid South Africa aspires to achieve.

*See also:* Mr F C Christians (p 4); Mr P J Marais (p 4); Ms L M Maseko (p 5); Mr M K Sayed (p 6); Mr C M Dugmore (p 6); Ms R Windvogel (p 6); Mr M Kama (p 6); Ms A P Bans (p 6); Ms A P Bans (p 7); Mr M K Sayed (p 7); Ms N D Nkondlo (p 7); Ms N G Bakubaku-Vos (p 7); Mr M K Sayed (p 8); Ms D M Baartman (p 8); Mr T M Klaas (p 8); Mr C M Dugmore (p 11); Ms A Cassiem p 12; Mr T M Klaas (p 12); Ms A P Bans (p 12); Ms N D Nkondlo (p 12); Ms A P Bans (p 13); Ms N G Bakubaku-Vos (p 13); Ms R Windvogel (p 13); Mr F C Christians (p 14); Mr I M Sileku (p 14); Ms N G Bakubaku-Vos (p 15); Mr M K Sayed (p 15); Ms A P Bans (p 15); Mr M Kama (p 15); Mr C M Dugmore (p 16); Mr G Bosman (p 17); Mr F C Christians (p 17); Mr C M Dugmore (p 18); Ms D M Baartman (p 18); Mr T M Klaas (p 18); Ms A P Bans (p 18); Mr K Brinkhuis (p 21); Ms A P Bans (p 21); Mr C M Dugmore (p 21); Mr M Kama (p 6); Ms R Windvogel (p 6); Ms P Z Lekker (p 21); Mr F C Christians (p 21); Mr L L Mvimbi (p 21); Mr M K Sayed (p 21); Mr F C Christians (p 23); Ms A P Bans (p 23); Ms N G Bakubaku-Vos (p 23); Ms R Windvogel (p 23); Mr P Marran (p 23); Mr L L Mvimbi (p 24); Ms P Z Lekker (p 24); Ms A Cassiem (p 24); Mr T M Klaas (p 24); Mr K Brinkhuis (p 24); Mr T M Klaas (p 25); Mr I M Sileku (p 25); Mr L L Mvimbi (p 25); Ms P Z Lekker (p 25); Mr M K Sayed (p 25); Mr M K Sayed (p 26).

No 20 - 2023] VYFDE SESSIE, SESDE PARLEMENT

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

===============

# ORDELYS

===============

DONDERDAG, 24 AUGUSTUS 2023

**HUIS: 14:15**

**INTERPELLASIES EN VRAE**

**VRAE AAN DIE PREMIER SONDER KENNISGEWING**

Me N D Nkondlo
Me W F Kaizer-Philander
Mnr P Marran
Me C A T Murray
Mnr T M Klaas
Mnr P T de Villiers
Mnr K Brinkhuis

**VERKLARINGS DEUR LEDE**

**VOORSTELLE**

---

**VERDERE WERKSAAMHEDE**

**KENNISGEWING VAN VOORSTELLE** ***(24 Augustus 2023)***

1. Mnr F C Christians: Dat die Huis die negatiewe impak wat die onlangse staking op leerders in die algemeen en op matriekleerders en onderwysers in die besonder gehad het, debatteer.
2. Me R Windvogel: Dat die Huis die voorstel vir ŉ waardige beskutte gebied buite die Pelican Park-gemeenskapskliniek wat subraad 18 op Donderdag 17 Augustus verwerp het, debatteer.
3. Mnr M Kama: Dat die Huis die plan om die kultuur en erfenis van die Khoi-San-gemeenskap te herstel debatteer.
4. Me A P Bans: Dat die Huis vals Stad Kaapstad-werknemers wat inwoners in Kaapstad bedrieg en beroof, debatteer.
5. Me N D Nkondlo: Dat die Huis die toename in motorkapers wat vroue in die Wes-Kaap teiken, debatteer.

6. Mnr M K Sayed: Dat die Huis die stappe wat die provinsiale regering doen met betrekking tot laerskoolonderwysers in Klapmuts wat hulle aan seksskrywery met jong seuns skuldig maak, debatteer.

**KENNISGEWING VAN VOORSTELLE *(17 Augustus 2023)***

1. Mnr G Bosman: Dat die Huis die Wes-Kaapse Regering, saam met sy vennote, insluitend die Stad Kaapstad, aanprys vir die suksesvolle aanbieding van die Netbalwêreldbeker; kennis neem dat hierdie geskiedkundige gebeurtenis die eerste Netbalwêreldbeker is wat ooit op Afrika-bodem aangebied is en ŉ presedent skep vir toekomstige groot byeenkomste wat in die Wes-Kaap aangebied sal word; kennis neem dat, om te verseker dat almal ŉ kans kry om na die Netbalwêreldbeker-aksie te kyk, die Departement ŉ aantal kyksentrums in die provinsie ingerig het: Kaapstad, Eden, Sentraal-Karoo, Overberg, die Kaapse Wynland en die Weskus het verskeie kyksentrums gehad en hulle was ŉ reusesukses; en verder kennis neem dat daar nog honderde sport- en kultuurgeleenthede is wat deur die jaar in die provinsie sal plaasvind, wat almal ŉ belangrike rol in nasiebou, werkskepping en ekonomiese groei sal speel.

2. Mnr G Bosman: Dat die Huis beide die Wes-Kaapse Regering en die Stad Kaapstad gelukwens nadat hulle aangewys is as die gashere vir die UCI-bergfietswêreldkampioenskap in 2028; kennis neem dat ŉ groot aantal groot sportbyeenkomste in 2023 in die Moederstad aangebied is, insluitend die T20-vrouekrieketwêreldbeker, die Netbal- vierledige reeks, die Vroueyshokkiekampioenskap, die Formule E en die Netbalwêreldbeker; kennis neem dat ons provinsie vinnig besig is om die middelpunt van groot sportaktiwiteite in die land te word, wat vir ons ŉ belangrike ekonomiese hupstoot gee; en kennis neem dat groot fietsrybyeenkomste, soos die Kaapstad-fietstoer en die Cape Epic, steeds baie gewild is en die byvoeging van die UCI-wêreldkampioenskap fietsry in die provinsie ŉ nog groter hupstoot sal gee, terwyl dit ook die ekonomie ŉ hupstoot gee en werkgeleenthede sal skep.

3. Mnr M I Sileku: Dat die Huis die vernietiging van die Swellendam- munisipale kantore en die plundering van winkels tydens gewelddadige en onregmatige protesaksie veroordeel, waartydens 106 mense in hegtenis geneem het, van wie 19 minderjarig was; kennis neem dat, alhoewel ons mense se reg om te betoog of om hul ontevredenheid uit te spreek respekteer en erken, dit nooit gepaard mag gaan met die vernietiging van eiendom of onwettige gedrag nie, soos die geval was in Swellendam waar die munisipale kantore aan die brand gesteek is; kennis neem dat, wanneer munisipale infrastruktuur beskadig of vernietig word, alle inwoners geraak word; kennis neem dat, met die hulp van die Departement van Plaaslike Regering, bykomende brandbestrydingstoerusting van die Stad Kaapstad na Swellendam gebring kon word, en ŉ provinsiale taakspan gestig word om te bepaal hoe ondersteuning aan die munisipaliteit gebied kan word; en verder kennis neem dat daar tans gerugte die ronde doen dat hierdie gewelddadige betogings deur niemand anders as die ANC aangehits is nie, en alhoewel hierdie beskuldigings tans nie bevestig word nie, sal die Suid-Afrikaanse Polisiediens versoek word om hierdie beskuldigings te ondersoek sodat diegene wat verantwoordelik is, aanspreeklik gehou kan word.

4. Me N D Nkondlo: Dat die Huis kennis neem van die voorbehoude oor die Wetsontwerp op Provinsiale Bevoegdhede wat deur die Demokratiese Alliansie voorgestel is; kennis neem dat hierdie voorgestelde wetgewing aansienlike bekommernisse laat ontstaan het onder burgers wat die beginsels van eenheid en billikheid na waarde skat; kennis neem dat die Wetsontwerp se potensiaal om die sentrale gesag van die nasionale regering te ondermyn en om ons nasie se saambindende beleide en programme te fragmenteer, baie kommerwekkend is; kennis neem dat die toekenning van aansienlike bevoegdhede aan provinsies ongelykhede kan vererger en gekoördineerde pogings om aandag te skenk aan kritieke kwessies, soos gesondheidsorg, onderwys en maatskaplike welsyn, kan verhinder; kennis neem dat die beoogde afwenteling van magte die vordering wat ons gemaak het om gelyke geleenthede vir alle Suid-Afrikaners te verseker, in gevaar kan stel; kennis neem dat dit in hierdie uitdagende tye uiters belangrik is dat ons nasionale eenheid en samewerkende regering prioritiseer bó maatreëls wat ons per ongeluk kan verdeel; en ŉ beroep op die DA doen om die implikasies van die Wetsontwerp op Provinsiale Bevoegdhede te heroorweeg in die lig van ons kollektiewe verbintenis tot ŉ sterker en meer verenigde Suid-Afrika.

5. Mnr M Kama: Dat die Huis kennis neem van die uiters kommerwekkende kwessie wat in die Wes-Kaap voortduur: die onrusbarende ongelykheid in grondbesit en die feit dat 72% van die grond deur wit individue besit word, terwyl slegs 1% deur swart individue besit word – ŉ skerp herinnering aan die voortdurende nalatenskap van onreg wat ons nasie teister; kennis neem dat hierdie groot verskil in grondbesit aansienlike kommer wek oor die voortbestaan van historiese ongelykhede en die marginalisering van weerlose gemeenskappe; kennis neem dat ons nie die eggo's van die beleide van die apartheidsera in hierdie skril statistiek kan ignoreer nie, ŉ tydperk toe grond stelselmatig van swart burgers weggeneem is, wat stelselmatige diskriminasie versterk het; verder aandag skenk aan die ontstellende parallelle tussen die Demokratiese Alliansie se beleid en dié van die apartheidsregime; en kennis neem dat die aanvaarding van soortgelyke taktiek, veral ten opsigte van aangeleenthede van grondbesit, baie ontmoedigend is en in stryd is met die gees van vooruitgang en inklusiwiteit wat post-apartheid-Suid-Afrika streef om te behaal.

*Kyk ook:* Mnr F C Christians (bl 4); mnr P J Marais (bl 4); me L M Maseko (bl 5); mnr M K Sayed (bl 6); mnr C M Dugmore (bl 6); me R Windvogel (bl 6); mnr M Kama (bl 6); me A P Bans (bl 6); me A P Bans (bl 7); mnr M K Sayed (bl 7); me N D Nkondlo (bl 7); me N G Bakubaku-Vos (bl 7); mnr M K Sayed (bl 8); me D M Baartman (bl 8); mnr T M Klaas (bl 8); mnr C M Dugmore (bl 11); me A Cassiem (bl 12); mnr T M Klaas (bl 12); me A P Bans (bl 12); me N D Nkondlo (bl 12); me A P Bans (bl 13); me N G Bakubaku-Vos (bl 13); me R Windvogel (bl 13); mnr F C Christians (bl 14); mnr I M Sileku (bl 14); me N G Bakubaku-Vos (bl 15); mnr M K Sayed (bl 15); me A P Bans (bl 15); mnr M Kama (bl 15); mnr C M Dugmore (bl 16); mnr G Bosman (bl 17); mnr F C Christians (bl 17); mnr C M Dugmore (bl 18); me D M Baartman (bl 18); mnr T M Klaas (bl 18); me A P Bans (bl 18); mnr K Brinkhuis (bl 21); me A P Bans (bl 21); mnr C M Dugmore (bl 21); mnr M Kama (bl 6); me R Windvogel (bl 6); me P Z Lekker (bl 21); mnr F C Christians (bl 21); mnr L L Mvimbi (bl 21); mnr M K Sayed (bl 21); mnr F C Christians (bl 23); me A P Bans (bl 23); me N G Bakubaku-Vos (bl 23); me R Windvogel (bl 23); mnr P Marran (bl 23); mnr L L Mvimbi (bl 24); mnr P Z Lekker (bl 24); me A Cassiem (bl 24); mnr T M Klaas (bl 24); mnr K Brinkhuis (bl 24); mnr T M Klaas (bl 25); mnr I M Sileku (bl 25); mnr L L Mvimbi (bl 25); me P Z Lekker (bl 25); mnr M K Sayed (bl 25); mnr M K Sayed (bl 26).